„Een koue Novembereand omstreeks negeuur het iemand aan die deur geklop. Ek het net van die kelder af gekom en was baie bang, maar toe ek die soete harmonie hoor van stemme wat sing „Jesus roep u,” was my angs weg. U kan dink hoe verbaas ek was, toe ek die deur oopmaak, om uit te vind dat die musikier afkomstig was van 'n Oesinsameling-sangkoor van die Sewende-dag Adventiste Kerk. Die sollicitant het my belangstelling gemerk en het vriendelik aangebied om my Bybelstudies te gee. Gretig het ek hierdie kans te baat geneem om meer omtrent die waarhede van die Bybel te leer want ek het gesoek na lig. Moeder en ek het albei die boodskap aangeneem en is gedoopt.

„Die liewe Heer sal ons sekerlik help as ons gewillig is om Hom in ons harte in te laat. Hy het my baie keer geseën, maar ek beskou die kennis van die waarheid en die voorreg om deel uit te maak van die volk wat die geboorte van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou, as die grootste van alle seënne. My gebed is dat ons hierdie jaar meer siele mag win vir Christus as ooit tevore.”

# TWO BOOKS

*That should be in every  
Seventh-day Adventist's Home*

**EARLY WRITINGS** This book contains messages for every believer who is looking for the early return of Jesus. The reading of these messages strengthens the belief of every child of God. A special attractive paper binding which sells at 2/6 has been brought out, and is proving to be very popular. Have you ordered your copy?

**SELECTIONS FROM THE TESTIMONIES** The important parts of the volumes by Mrs. E. G. White entitled "Testimonies," have been gathered and printed in one book under the title "Selections from the Testimonies." For those who do not have the complete volumes of the "Testimonies," this new book should have a particular appeal. It has been produced so that our believers can avail themselves of the important writings found in the complete set of the "Testimonies," which are now printed in this one volume, and at a very cheap rate.

"Selections from the Testimonies" costs us 5/- in England, but the local conference here in South Africa has agreed to subsidise the book, making it possible for members in the Union of South Africa to secure it at the very low rate of 3/6, post paid. A large number were sold to our people at the recent camp-meeting in Johannesburg. If you were not there, or did not get a copy, send in your order today.

All orders should be sent to the Religious Book Depository, P. O. Box 256, Bloemfontein, O. F. S. Our Coloured churches in the South African Union may send their orders direct to the address below:

**THE SENTINEL PUBLISHING COMPANY**  
P. O. Box 6, Claremont, Cape

In 'n brief aan my, skrywe die leraar van die kerk die volgende paragraaf in verband met daardie ondervinding:

„As gevolg van ons kontak met hierdie dame is nie alleen sy en haar moeder gedoopt en getroue Adventiste nie, maar ses bloedverwante van die familie is nou lede van my doopklas, en sal binnekort by ons kerk aansluit. Hulle hou die Sabbat en

woon gereeld die Sabbatdienste by. Hierdie nuwe lid is een van ons suksesvolste Oesinsameling sollicitante vanjaar.”

Dit herinner ons bepaald daaraan dat ons moet waak vir siele as diegene wat moet rekenskap gee. Die feit dat een sollicitant gemerk het dat daar belangstelling was, het as gevolg dat ons agt nuwe Sabbathouers vind. Mag hierdie ondervinding

ons help om in ons Oesinsameling te soek na diegene wat opreg is van hart in elke dorp.



## Waardering van Signs en Tekens

ONS ontvang voortdurend goeie briewe van ons mense in verband met die *Signs of the Times* en *Tekens van die Tye*. Die volgende paragraaf kom voor in 'n brief wat ons onlangs ontvang het van een van ons kerkelede in die Transvaal:

„Ek het 'n hele paar mense hier in \_\_\_\_\_ wat met belangstelling die *Signs* en *Tekens* lees, en ek moet sê dat hierdie blaai 'n groot werk doen. Ek het die werk voortgesit in 'n paar gevalle waar belangstelling opgewek is deur die blaai en ek was in staat om 'n aantal Bybelse studies te gee. Twee lesers van die *Signs* het dusver besluit om die Sabbat te hou tenminste hulle hou die Sabbat vir die afgelope drie maande al en is nou besig om hulself vir die doop voor te berei. Ek kan net saans sendingwerk doen, maar ek bid altyd dat die Here my sukses sal gee in my werk vir Hom, en ek bid ook vir die sukses van ons uitstekende blaai. Ek sou verkies om sonder 'n maaltyd te bly om tyd te maak om die *Signs* te lees. God seën voorwaar ons uitstekende blad in die bekering van siele.”

J. G. SLATE, *Bestuurder*,  
*Sentinel Uitgewers Maatskappy*.



## Evangelisasie Deur die Strewers

„DIE Here vra om Strewers wat ferm aan Sy sy sal staan, en wat hulself sal verpand om hulle by Jesus van Nasaret te voeg in die verrigting van die werk wat nou moet gedaan word—nou op die oomblik.”—„*Fundamentals*,” bls. 488.

Ons jong mense oor die hele wêreld word besiel deur die gees van evangelisasie, en ons sien die vervulling van bogemelde aanhaling in die werk wat in baie lande gedoen word. Ons deel 'n paar rapporte mee wat ons onlangs ontvang het.

### Strewers Stuur Eerste Sendeling uit van die Filippyne

„Dit is baie bemoedigend om die gees te sien wat die jong mense openbaar in die werk van siele te win, en ook ten opsigte van die ander werksaamhede van die Strewersbond Departement.

„Hierdie jaar, 1934, het ons begin met 'n plan om buitelandse sendingwerk aan die gang te sit, n.l. die onderhou van 'n Filippyense werker op 'n eiland buite \_\_\_\_\_ groep. Hierdie werker sal deels onderhou word deur die offerandes van die Strewersbond. Om reguit te wees, hierdie plan sal meer van die jong mense verg as enig iets in die verlede. Maar ek koester die hoop dat as hierdie idee eers goed posgevat het, sal ons sien dat die Filippyense jong mense

die doel wat hulle vir hulself gestel het, n.l. die instandhouding van die buitelandse sendingwerk deur hulself, sal bereik."—*J. L. Cummins, Philippine Union Mission, 3 Januarie 1934.*

Dis met genoeg dat ons nog hierdie verdere berig van Broeder Cummins kan meedeel:

„Ons eerste baanbreker sendeling en sy vrou het 21 Februarie 1934, vertrek na Japan waar hulle 'n paar maande sal deurbring in die studie van die Japanese taal. Dan sal hulle verder gaan na die Karoliene.

Ons Strewers hier in die Filippyne is heeltemal geesdriftig oor die saak; ek glo hulle staan honderd persent daaragter.”

#### Strewersbondlede Besig

„Op die Georgia-Cumberland Konvensie van kerkbeamptes, die afgelope naweek, toe die *Watchman* ter sprake gekom het, het 'n jong dame, waarskynlik die leidster van die Columbiase Strewersbond, opgestaan en vertel hoedat die Strewers van hulle kerk laas somer onderneem het om geld te verdien om 'n poging in hul dorp te hou deur die verkoop van die *Watchman*.

„Hul leraar, Broeder R. Pierson, het 'n reeks dienste gehou waarvoor die Strewersbond grotendeels die fondse voorsien het, met die gevolg dat nege gedoop is. Dis onnodig om te sê dat die jong mense van daardie kerk baie geesdriftig is omtrent hul sendingwerk wanneer hulle sulke goeie resultate op hul pogings sien. Hul leraar sê my dat daar nog 'n bietjie skuld op hul kerk is, en dat die Strewers nou hul aandag skenk aan die delging van die skuld deur die verkoop van die *Watchman*.”—*L. L. Skinner, Southern Publishing Association.*

#### Ruanda, Belgies Oos-Afrika

„Gedurende die Strewers Week van 1933, het ons al ons Strewersbond Genootskappe aangemoedig om 'n reddingsprogram op te stel. Die jong mense het in die omliggende streke ingegaan en elke dag dienste gehou. As gevolg hiervan het byna drie honderd heidene tot bekering gekom. Ons probeer om meer sulke werk hierdie jaar te doen. Tot dusver het ek nog maar tyding van een sendingstasie, en op daardie stasie alleen was daar omtrent twee honderd bekeerlinge. Ons Strewers is ware werkers.”—*C. W. Bozarth.*

#### Chinese Divisie

„Die honderd jong mense op ons skool te Kanton het vir hulself hierdie doel gestel—die begin van sendingwerk onder die inboorlingrassen van die binnelandse streke van Hai-nan. Hulle het tot dusver baie goed gevorder met die opening van die werk in daardie eiland. 'n Paar weke gelede was sewe persone van die eiland Hai-nan gedoop, en daar is nog omtrent twintig lede in die doopklas, wat eersal gedoop word. Die skool is baie wakker met hul sendingwerk.”—*D. E. Robok.*

## S. A. Unie-Konf.

N. C. Wilson ..... President  
J. E. Symons ..... Sekr.-Tes.  
Bus 468, Bloemfontein, O. V. S.

### 'n Onderhoud met die Mediese Sekretaris

DAAR is goeie dinge verbonde aan die padvinders beweging, die beste is miskien hul leuse: „Wees gereed.” Laat ons dit as ons s'n aanneem. Gereed waarvoor? Diens! Wanneer sal ons andere help? Luister! „Niemand hoef te wag totdat hy 'n beroep na 'n verafgeleë veld ontvang voordat hy begin om andere te help nie. Begin dadelik, waar u is. Ons is almal omring van kanse om andere te dien. Doen die werk waarvoor u verantwoordelik is, —die werk wat moet gedoen word in u huis en in u omgewing. Moenie op andere wag om u aan te spoor nie. Maak dadelik 'n aanvang in die vrees van die Here en onthou u persoonlike verantwoordelikheid tot Hom wat Sy lewe vir u gegee het. . . . Almal kan iets doen. . . . Ons mense moet toon dat hulle 'n lewendige belang stel in die mediese sendingwerk. . . . Om hulself voor te berei vir nuttige werk, moet hulle die boeke bestudeer wat geskrywe is om ons in hierdie tye voor te lig. Hierdie boeke verdien baie meer aandag en waardering as wat hulle tot dusver geniet het. . . . Neem tyd om vir u kinders uit die gesondheidsboeke voor te lees. Vorm 'n leeskring, waarin elke lid van die gesin die sorg van die dag opsy sit en saamstudeer. . . . Deur getrou in die huis u plig te doen, vermenigvuldig u die kanse om buite die huis goed te doen. Deur u talente te ontwikkel, word u meer bekwaam om in die kerk en u omgewing te arbeid. As u u kinders met uself en met God verenig, word vaders en moeders en kinders medearbeiders saam met God.”—*Counsels on Health*, blys. 425-430.

Ek wonder hoeveel van u teken in op *Life and Health*. Dit is 'n baie praktiese tydskrif en is nie duur nie. 'n Nuwe blad met die naam *Health* het pas verskyn en dan is daar nog die Engelse *Good Health Magazine*. Hulle is almal uitstekend. Die boekdepôt sal u alle nodige inligting verskaf en u bestelling neem vir een of al drie. In die krisisreeks het ons „Better Meals for Less,” „Simple Treatments,” „Epidemics,” om maar 'n paar te noem. Hierdie boekies is nie duur nie en die meeste van ons mense kan hulle bekostig.

As u nou van hierdie lektuur wil aanskaaf, dit in u huis gebruik, dit studeer, en so vertrou raak daarmee dat dit deel van u word, sal u die eerste stap neem om uself gereed te maak vir diens—eers in die huis, dan in die kerk en u buurt.

In hierdie verband sal dit goed wees om nadruk te lê op die noodsaaklikheid om 'n

dokter in te roep in elke geval van ernstige siekte. Selfs dokters wat nie Christene is nie, is nogtans lede van 'n beroep met die allerhoogste ideale en u kan die meeste van hulle vertrou om sy bes te doen vir u en u vriende. Bowendien verwelkom hulle die hulp van iemand wat 'n intelligente belangstelling in hul werk toon, en sy eie beperkings besef. Deur die regte gees te openbaar en 'n intelligente hulpvaardigheid aan die dag te lê, sal u 'n aanbeveling wees vir u godsdienste sowel as 'n seën vir diegene wat siek is. Praktiese onderrig in eerste hulp en die verpleging van siekes tuis word byna oral in Suid-Afrika verskaf. As u hierdie onderrig verlang, skryf aan my, en ek sal sien wat kan gedaan word.

## S. A. Konferensie

L. L. Moffitt ..... President  
P. W. Willmore ..... Sekr.-Tes.  
Bus 256, Bloemfontein, O. V. S.

### Adresse van Ons Kerke

Vir die inligting van ons kerklede wat in die verskillende dele van die Unie op besoek is, gee ons hieronder 'n lys van adresse van ons blanke kerke. Ons glo dat lede wat op besoek is graag die naaste kerk sal wil bywoon. Hierdie adresse word dus gepubliseer sodat hulle in staat gestel sal wees om die kerk waar hulle is, te vind.

Kaapstad, 56 Roelandstraat.  
Claremont, Grovelaan.  
Port Elizabeth, Bowe Parliamentstraat.  
George, Marktstraat.  
Worcester, h/v. High- en Napierstraat.  
Helderberg, Kollege Kapel.  
Kimberley, Bowe Jonesstraat.  
Uitenhage, Milnerstraat.  
Oos Londen, Parklaan.  
Durban, Keitslaan (n dwarsstraat uit Bereaweg).  
Johannesburg, h/v. Claim- en de Villiersstraat.  
Maritzburg, 8 Stranackstraat.  
Potchefstroom, Potgieterstraat.  
Ermelo, Macdonaldstraat.  
Pretoria, Schoemanstraat.  
Bloemfontein, h/v. Selbournelaan en Aliwalstraat.  
Krugersdorp, Die Ou Sinagoge.  
Bethlehem, Masonic Saal.  
Standerton, Sentraal, langs die Stadsaal.  
Parys, Heilsleersaal.  
Grahamstown, I.O.G.T. Saal, Hillstraat.

✻ ✻

DAAR is twee here wat onophoudelik besig is om arbeiders te werf, naamlik Christus en die Satan. Diegene wat hulself één enkele sondige genieting veroorloof, sonder om teen die sonde te stry, is dienaars van Satan. Want wie ons gehoorsaam, sy diensknegte is ons.

## Kongo U. Sending

C. W. Bozarth — Superintendent  
J. du Plouy, — Sekr.-Tes.

Gitwe Mission, P.O. Usumbura,  
Urundi, via Elisabethville

## Rwankeri Kampdienste

W. H. ANDERSON

Die Rwankeri kampdienste is in die verlede. Oor die 7,000 mense het hierdie jaar opgekom. Weëns omstandighede kon baie die dienste nie bywoon nie, maar nogtans het ons goeie dienste gehad en die Here was met ons. Sommige wat afgedwaal het, het weer teruggekom en om vergifnis gevra. Andere het hulself opnuut toegewy aan die Here, en vele het Christus vir die eerste keer bely.

Die sendelinge daar, Leraar Monnier, en Broeder Moolman, het meer werk as wat hulle kan behartig. Daar is meer as driehonderd siele in die doopklasse; hulle het hul hande net vol om almal te onderrig.

Toe die behoeftes van ons werk aan hulle voorgelê was, het hulle vrygewig bygedra, as mens hulle armoede in ag neem. Baie het helfte van hulle maandelikse gasie gegee, en sommige, kleiner sommetjies. Dit sal 'n ware opoffering vir hulle wees om die beloftes wat hulle gemaak het, na te kom.

By die einde van die dienste was daar 'n doopdiens gehou by 'n rivier nie ver daarvandaan nie.—Leraar Bozarth het die diens waargeneem. Groot belangstelling was getoon, onderwyl die betekenis van die doop uiteengesit was.

Almal is verkwik en vol moed huis-toe, met 'n ander jaar se werk vir die Here voor hulle.



## Eerstelinge van ons Kongo-Opleidingskool

W. R. VAIL

AAN die Seminaire Adventiste, Elisabethville, Kongo, het ons aan die einde van die skooljaar 'n belangrike voorwaartse stap in ons werk in hierdie unie beleef. Eindelijk het ons sover gekom dat ons gekwalifiseerde onderwysers, wat in ons eie skool opgelei is, in die veld kan uitstuur en dat ons gevolglik nie meer soveel werkers van ander unies hoef in te voer nie. Ons eerste uitreiking van sertifikate het plaasgevind op 8 April, toe ons aan vyf studente wat die tweejarige kursus deurgemaak het, die diplomas van Onderwyser-Evangelis uitgereik het.

Ons stel veral belang in hierdie klas jong manne, want toe ons in die begin probeer het om hier 'n opleidingskool te stig, was hier nie 'n klas wat verder as die vyfde skooljaar gegaan het nie, dus moes ons hulle neem waar ons hulle gevind het, en

hulle langsaamhand opbou totdat hulle die opleidingskursus self kon begin. Dit het ons gedoen. Baie van ons handboeke, planne, curriculae, sillabusse ens. moes ons self maak. Dit was die skrywer se voorreg van 1930 af om jaar na jaar hierdie klas te onderwys en om hulle hul diplomas te oorhandig. Toe ons na hulle program sit en luister, het ons gevoel dat hoewel dit 'n opoffering was om ons verlot 'n jaar uit te stel, dit tog die moeite werd was, want anders sou ons nie die voorreg gehad het om die eerste vrugte op ons arbeid te sien nie. Werklik hierdie jong manne is, soos die president van die klas in sy toespraak gesê het, soos kano's wat uit 'n boomstam gemaak is. Dit neem baie dae en kos baie werk om hulle te voltooi, maar nou is hulle klaar om in die water gelaat te word vir diens. Ek dank die Here vir hierdie manne wat nou die werk aanvaar wat op hulle gewag het.

Daar is beter vooruitsigte vir ons opvoedkundige werk in hierdie unie as ooit tevore, want daar is nou 'n klas wat aanstaande jaar sal klaar wees, met 'n volgende klas, terwyl die klasse groter word na mate ons laer afgaan in die skool. Maar die keersy van hierdie toneel stem tot droefheid—daar is nog miljoene in duisternis wat nie die voorreg het om 'n christelike opvoeding te geniet nie of om 'n draer van die derde Engelboodskap in hul midde te hê nie. Toe ons in die uniekomitee vergadering hoor van versoeke vir onderwysers van alle dele van die veld, het hierdie vyf manne vir my gelyk soos die spreekwoordelike „druppel aan die emmer.” Ons is egter dankbaar dat die toekoms beter dinge beloof en ons vra dat u ons sal gedenk in u gebede, en bid dat die werk wat hier begin is, geensins sal verswak nie, maar sal voortgaan om te groei totdat ons die hele veld kan voorsien van manne om die taak wat aan ons opgedra is, te voltooi.

## Doodsberig

VAN RENSBURG.—Met 'n gebroke hart wens ek onse geliefde broeders en susters in kennis te stel van my vreeslike verlies op 21 Julie. Na 'n lyding van 'n maand het my geliefde eggenote, Hester Magdalena Jansen van Rensburg haar rus ingegaan, in die ouderdom van sestig jaar en vier maande. Op 5 Feb. 1905 het my eggenote en ek besluit om die laaste genadeboodskap aan te neem. Al die tyd het ons 'n soete huwelikslewe gehad; sy was 'n dierbare hulp aan my sy en 'n liefdevolle moeder vir ons kinders. Menigeen wat hierdie reëls lees, het haar geken en waardeer. Dit was altyd vir haar 'n groot genot om Gods kinders aan ons woning te ontvang en te verwelkom. Nou is sy daar nie meer nie. In my bittere verlies en droefheid het ek die volle versekering dat sy met onsterflikheid sal ontwaak as die basuin van God weerklink en dat ons mekaar daar met

ewige vreugde en blydschap sal ontmoet.

My geliefde broeders en susters, gedenk aan my en die myne. Ek is dankbaar vir die troosvolle woorde wat Broeder Hayter by geleentheid van die begrafnis gespreek het.

T. J. J. VAN RENSBURG.

## Obituary

STEVENSON.—Samuel John Stevenson was born November 29, 1868, in the north of Ireland and died at Shannon, near Bloemfontein, July 2, 1934.

He early manifested an interest in gospel work, and the salvation of souls, by joining in Sunday school and slum work in the city of Belfast.

In 1900 he came to South Africa and united with the Baptist church in Queens-town. He immediately became active as a lay preacher and laboured in other parts of the Eastern Province and Johannesburg. His labours resulted in the establishment of the Cambridge Baptist church.

As a result of private study, he, along with his wife, accepted the third angel's message at Kimberley in 1919. Both requested and received re-baptism in the old Beaconsfield church. In 1920 he entered the field as a colporteur-evangelist and was soon called to take charge of the Indian work at Durban. After three years in that field he filled the position of field missionary secretary for the old Cape and Free State Conferences. In 1925 his health broke, but unwilling to lay aside the burden of the work, he acted as the pastor of the Bloemfontein, Taungs, Beaconsfield and Kimberley churches.

Though weak, he ever served beyond his strength. Never complaining, ever praising God, he rose at times from his bed to admonish and exhort the flock of God. When physical strength failed, he carried himself on in service by an unyielding will, thanking God that he had been spared to serve once again. It has been his to witness and confess the saving grace of Christ in infirmity and weakness. His courage and devotion will live on in the memories of those whose lives have been enriched by his ministry and life. "He being dead, yet speaketh."

He leaves to mourn their loss, Sister Stevenson, four sons and two daughters. Our heartfelt sympathy goes out to those who mourn the loss of a father and husband. Services were conducted in the Bloemfontein church and at the graveside by Pastors Symons, Moffitt, Clifford and Staples.

He rests from his labours in the blessed assurance of a part in the resurrection to life eternal.

A. W. STAPLES.

"Few men can endow colleges or build great libraries. But every man and woman on earth can endow the world with the most valuable gift known to it—a noble life lived in the service and the love of God."



*The Southern African Division Outlook*

Published semi-monthly by the  
General Conference of Seventh-day Adventists  
(Southern African Division)  
Subscription price, 2/6 per annum

A. E. NELSON ..... Editor  
MRS. J. L. MILFORD --- Asst. Editor  
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS

J. F. Wright ..... President  
A. E. Nelson ..... Treas. and Auditor  
A. F. Tarr ..... Secy. and S. S. Secy.  
A. N. Tonge ..... Medical Secy.  
M. P. Robison ..... Ed. and M. V. Secy.  
F. E. Potter ..... H. M. and Field Miss. Secy.  
J. I. Robison ..... Religious Liberty Secy

**Helderberg New Notes**

MORE than a thousand grape vines have been set out recently. The school will have a full supply of grapes in the near future.

BROTHER AND SISTER GLANTZ of Bloemfontein arrived at the college the middle of July. Brother Glantz will act as head carpenter on the projected buildings.

THE college chorus will give a programme of secular music on the evening of August 19. An invitation is extended to any who may be able to attend.

BESSIE V. D. MERWE of Kroonstad is the latest student to enrol. Her parents brought her by car and spent a day or two at the college. The enrolment figures now stand at 159.

THE Harvest Ingathering campaign came to a close at Helderberg on August 2, when Mr. Marais took a party to work Simons-town. They returned with enough to put Helderberg over the £250 mark.

WORK on another teacher's cottage started this week. Old students will be interested to know that it is located in the peach orchard above the road to the big pine tree and directly facing the college.

A SMALL outbreak of measles has occurred at the college. One boy and two girls are now recovering. No new cases have developed so far. Every effort has been made to isolate the cases and we trust that we are safely over the attack.

DURING Miss Nell's long illness she was remembered by a large circle of friends, both far and near, and these many letters of good cheer and courage she greatly appreciated.

It was, however, a great grief to her that she was unable to reply to these personally, so as she requested a note of thanks to be sent to all through the columns of the OUTLOOK, we pass on her thanks and debt of gratitude to these kindly interested friends together with her deep appreciation.

**Harvest Ingathering Progress**

FUNDS RECEIVED ARE INDICATED BY SOLID BLOCKS

**Angola Union Mission**

Goal £100  
Received .....

EACH BLOCK REPRESENTS £2

**Congo Union Mission**

Goal £50  
Received .....

EACH BLOCK REPRESENTS £1

**S. E. A. Union Mission**

Goal £145  
Received .....

EACH BLOCK REPRESENTS £2

**Zambesi Union Mission**

Goal £660  
Received .....

EACH BLOCK REPRESENTS £4

**S. A. Union Conference**

**GOALS**

Union £3,845  
S. A. Conference 3,075  
Cape Coloured 175  
S. A. Miss. Field 550  
Bechuana. M. F. 45

**RECEIVED**

Union £4,289  
S. A. Conference 3,450  
Cape Coloured 207  
S. A. Miss. Field 612  
Bechuana. M. F. 20

EACH BLOCK REPRESENTS £10

